Tema: Bly glo en hoop op God al staan jy met leë hande.

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps 86 - 1: 1, 2, 8

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 42 - 1: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 42 - 1: 3, 5
Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Hebreërs 11: 1 - 16 ;
Teksverse: Heb. 11: 13 - 16 (Die Bybel 2020 Vertaling)
Sing Ps 46 - 1: 1, 6
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed
Sing Lied 588: 1, 2, 3
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs

Dit is baie moeilik om met leë hande te staan en in God te bly glo! Die Here gee immers in sy Woord aan ons beloftes dat Hy sal doen wat Hy beloof en dat ons op Hom kan vertrou! Maar om te bid en die Here om die uitkoms van 'n saak te smeek en met hoop te wag op die uitkoms, maar dit kom nie, kan 'n mens se moed breek.

Inteendeel, as die situasie nog meer versleg en daar gebeur meer en meer dinge in jou lewe wat die hoop in jou laat vervaag, dan is dit regtig moeilik om in God te bly glo! Soos wat die tyd verloop en die hoop vervaag word jou geloof in en vertroue op God regtig getoets!

Die "leë hande" is metafoor vir wat die lesers van die Hebreër preek ervaar het. Ons lees in hf 10: 32 dat hulle voorheen so sterk in die geloof gestaan het te midde van geweldige beproewinge, maar dat hulle geloof in God besig was om te verflou! Hulle het hulle vertroue in die Here en hulle hoop op die vervulling van God se beloftes begin verloor! Van hierdie "leë hande" ervaring hoor ons ook dikwels in die Psalms wanneer digters hulle geloofservaring in moeilike tye beskryf! Dat hulle beleef die Here hoor en verhoor nie hulle gebede nie!

Brs en srs, dit kan so maklik met ons ook gebeur! Dat ons in 'n situasie kom waar ons vertroue in die Here begin verswak en ons hoop op die vervulling van God se beloftes begin verdwyn vanweë een of ander langdurige en intense beproewing. Dat jy bid en bid en wag en wag en tog bly jy met leë hande staan.

In ons teksverse wil die Here ons leer hoe ons ondanks hierdie "leë hande" ervaring, steeds met vaste geloof te bly glo en met hoop aan God vas te hou.
Daarom is die boodskap van hierdie teks:
Bly glo in en hoop op God al staan jy met leë hande.

In Hebreërs 11 poog die skrywer om sy lesers aan te moedig tot geloofsvolharding deur hulle te wys op hoe gelowiges in die verlede soortgelyke omstandighede in die geloof hanteer het. In vers 4 – 12 het hy reeds na 'n hele paar Ou Testamentiese gelowiges verwys, maar in vers 13 – 16 onderbreek hy sy vertelling om vir 'n oomblik te reflekteer oor die betekenis van hierdie gelowiges se voorbeeld. Dit is duidelik dat die skrywer se refleksie veral betrekking het op wat hy oor Abraham vanaf vers 9 – 12 geskryf het. In vers 17 gaan hy dan weer voort om verder oor Abraham te vertel.

Geliefdes, die skrywer wil hier 'n besondere element van die gelowiges uit die Ou Testament se geloof beklemtoon. Hy wil verduidelik hoe hulle ten spyte van 'n leë hande ervaring, kon bly glo! Vers 13: Hoe hulle in die geloof kon bly leef en terwyl hulle glo, gesterf het, sonder dat hulle die volle vervulling van God se beloftes gesien het! Dis die punt waarmee hy sy lesers en vir ons wil bemoedig en aanmoedig!

Die antwoord hierop lê in 3 besondere elemente van die geloof wat God aan ons gee en wat die skrywer hier aanwys. Geliefdes, die verhouding wat God met ons aanknoop en die geloof wat Hy aan ons skenk – soos aan Abraham - verander volgens die skrywer 3 dinge in ons lewe!

In die eerste plek verander dit ons visie oor die betekenis en doel van ons aardse bestaan.
In die tweede plek ontvang ons ʼn nuwe manier om na die beloftes van God te kyk en dit nou reeds vir ons toe te eien
In die derde plek verander dit hoe ons ons verhouding met God beleef? Ons ontvang ʼn nuwe visie op God self!

Die oomblik toe die Here aan Abraham die geloof skenk en hom roep om die Here te volg, het Abraham eerstens ʼn nuwe visie oor die betekenis en doel van sy aardse bestaan gekry. Hy het besef dat die lewe oor meer gaan as om net ʼn plek te hê om te leef, te trou, kinders te kry, te werk en die vrug van jou werk te geniet en te sterf! Hy het besef dat om God te ken bring ʼn nuwe dimensie in ons bestaan – ʼn ewigheidsdimensie! Dat dit nou gaan om in gemeenskap met God te lewe en om die volheid van daardie gemeenskap met God te kan geniet in hierdie lewe en die lewe hierna!

Brs en srs, al het God Abraham na die beloofde land laat trek en hom daar laat woon, het Abraham vir sy hele leeftyd daar geen deel van Kanaän - behalwe ʼn begraafplaas – besit nie! En tog was Abraham tevrede daarmee! Hy het besef dat hy in hierdie lewe net op reis is, dat hy saam met God ʼn pelgrim op reis na iets beters wat God hom sal bied.

Hy het iets meer verwag – ʼn hemelse vaderland – waar Hy die volle seën van gemeenskap met God sal ervaar! Hy sê self in Genesis 23 dat hy ʼn vreemdeling in Kanaän is. Hy het geen regte daar het nie want dit is nie sy land nie. Hy noem homself ook ʼn bywoner – want hy het niks self besit nie! Maar hy was tevrede daarmee want hy het besef die lewe met God gaan om meer as net ʼn aardse bestaan!

As alles vir Abraham net om die aardse bestaan gedraai het, sou hy kon terugkeer na Ur om daar te voluit van sy aardse bestaan te geniet. Maar in die geloof het hy dit prysgegee omdat hy in die Here iets baie groter en waardevoller gevind het. Dit is soos Jesus vertel het van die man wat n skat in ʼn saailand gevind het en toe alles wat hy het gaan verkoop het om daardie skat te kan besit. Die skat van ʼn lewe saam met God!

En daarom geliefdes, as ek dan nie vandag nie alles kry vir my aardse bestaan wat God beloof het nie, is ek tevrede daarmee want die gelowige leef met iets groter! Ek leef uit my geloof in die Here en nie uit wat ek op aarde verkry en besit nie. Ek weet ek is ook net ʼn pelgrim op reis na iets beters. Daarom kon Abraham en hierdie

gelowiges van die Ou Testament terwyl hulle in God geglo het, sterf sonder om die volle vervulling van God se beloftes te geniet!

Br en sr, wanneer ek en jy dan kan leer om vanuit ons geloof so na ons aardse bestaan te kyk, dan word leë hande-ervaring nie iets om oor moedeloos te word en jou geloof te verloor nie,– nee, dit dring jou om nog intenser te verlang na volle gemeenskap met God – want as ek God het, het ek alles! Paulus herinner ons ook hieraan wanneer hy in Fil 3: 7 sê: Maar alles wat vir my wins was, reken ek nou as verlies – ter wille van Christus!

In die tweede plek ontvang ons ŉ nuwe manier om na die beloftes van God te kyk. Ons leer om – al ervaar ons nou nog nie die vervulling van daardie beloftes nie – om dit so helder en duidelik in die geloof te sien asof dit nou reeds deel is van ons lewe! Die skrywer gebruik hier ŉ woord wat seevaarders gebruik het as hulle lank op see was en hulle die land sien! Hulle juig daaroor en hulle begroet dit asof hulle alreeds aan wal gestap het.

Die feit dat God aan my sekere dinge beloof is nou reeds vir my ŉ bron van vreugde wat my lewe vervul en waaraan ek kan vashou en wat my moed, krag en hoop gee– so asof ek dit reeds ontvang het!

Geliefde br en sr, is dit nie ook die rede waarom God die Heilige Gees in ons km woon het nie? Is die nie presies dieselfde geloofsgesindheid wat God die Heilige Gees in ons bewerk nie? Dat Hy in ons woon en dat Hy in ons vreugde, dankbaarheid, vrede en vervulling bewerk omdat die Heilige Gees self die belofte is van die volle vervulling van al God se beloftes aan ons nie?

Ons lees in Efes 1: 14 dat die Heilige Gees die waarborg is dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy ons volkome sal verlos. Dus: al beleef ons in hierdie bedeling leë hande, teleurstelling, beproewing en swaarkry, dan ervaar ons deur die Gees asof God reeds sy beloftes aan ons vervul het, asof ons reeds aan wal gestap het, en dit vervul ons met vreugde en blydskap.

God se beloftes aan ons word deur die Heilige Gees so helder en duidelik vir ons gemaak, dat dit vir ons voel asof ons dit nou alles reeds geniet! Petrus beskryf ons heerlike verhouding met ons Here Jesus Christus so: Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met ŉ onuitspreeklike en heerlike blydskap.””
Dit te midde van beproewing en leë hande!

In die derde plek verander geloof hoe ons ons verhouding met God beleef! Ons ontvang ŉ nuwe visie op God self – Wie Hy regtig is! Dat Hy die getroue Verbondsgod is wat Hom aan sondaarmense verbind. Dat God nie skaam is om Homself die God van Abraham, Isak en Jakob te noem nie. Met hierdie benaming lê God klem op sy

liefde en getrouheid aan almal wat in Hom glo! Geliefdes, wanneer ek voel of ek met leë hande staan, bly ons God die Een waarop ons ons hoop moet vestig!

Met hierdie benaming bevestig God dat alles wat Hy aan sy kinders belowe deur al die geslagte bly staan en dat Hy dit sal vervul! Hy het reeds iets van sy beloftes aan Abraham en Isak en Jakob vervul en is besig om dit steeds te doen. En dit bring vrede en troos – al staan ek nou nog met leë hande! Ek is in God getroos! In Wie Hy is en wat Hy doen! Hy is immers besig om vir ons 'n stad te bou! 'n Stad, anders as 'n tydelike tent – metafoor van permanente inwoning by God – dit het Hy vir ons gereed gemaak.

Hy is die God wat mense in hierdie gebroke wêreld so liefhet dat Hy Jesus Christus in hierdie wêreld gestuur het om daardie vaderland waarna Abraham gehunker het, reeds hier op aarde te kom vestig. Hierdie vaderland word in die Nuwe Testament die koninkryk van God genoem! In Christus word die vaderland/ die koninkryk gevestig en binne hierdie koninkryk regeer God oor ons lewe en sorg Hy vir ons – terwyl Hy besig is om te werk aan die volle vervulling van al sy beloftes!

Daarvoor het Christus aan die kruis gesterf, uit die dood opgestaan en na die Hemel opgevaar waar Hy nou regeer. In Heb.12: 2 en 3 lees ons dat ons Here Jesus bereid was om die verskriklike ellende en lyding – die leë hande - van hierdie pad te loop omdat Hy vasgehou het aan die belofte van oorwinning!

Dit het Jesus vir ons gedoen sodat Hy God se belofte kon waarmaak: dat al kry ons nou swaar en word ons beproef – Hy sal ons vashou en Hy sal terugkom om die volle vervulling van sy beloftes van redding en genade aan ons te bring! Hy sal die koninkryk finaal en volkome kom vestig en daar sal ons saam met God wees!

Brs en srs, met hierdie tussenspel in die verhaal van geloofshelde van die Ou Testament kom leer die Here ons hoe ons ook vandag met leë hande kan bly glo en ons hoop op God kan behou!
Daarom kan ons, met ons oog op Jesus gevestig, dan ons pelgrimsreis deur hierdie wêreld voortsit – al ervaar ons soms dat ons met leë hande staan! Ons kan nou reeds die vervulling van God se beloftes proe – al lê dat dalk nog so ver in die toekoms! Dit maak ons nou reeds opgewonde soos seevaarders van ver af die land sien na 'n lang en moeilike reis en ons daaroor verheug. Dit was wat God vir ons doen.

Dit is die geloof wat God aan Abraham gegee het, en wat Hy in Christus aan ons gegee! Net soos Hy die God van Abraham, Isak en Jakob is, is Hy ook my en jou God. Hy het ook vir jou 'n stad voorberei! Moenie moedeloos word nie – wag en bly glo in God en hoop op Hom.

Amen